


Storietegniek vir vaslegging

Maak 'n plakkaat vir jou aansteekbord met min of meer hierdie storielyn en gee dan die kinders 'n beurt om die storie te vertel deur die riglyne te volg:



IEMAND

(Wie was die hoofkarakter?)

WOU IETS HÊ / DOEN

(Wat wou die karakter hê / moes die karakter doen?)

MAAR

(Wat was die probleem? / Wat het gebeur om te keer dat die karakter kry wat hy wou of doen wat hy moes?)

DUS

(Wat moes die karakter toe doen om sy probleem op te los?)

UITEINDE

(Wat het uiteindelik gebeur? Kon hy/sy dit oplos?)

Wat leer God ons hieruit?